God se koninkryk 'n impak te maak op die mense rondom hom (Ps. 139:14, OAV).

**Bid** vir wysheid en sterkte vir Edward, terwyl hy God se liefde en die boodskap van hoop met die ongereddes deel.

## KERSIEBLOEISELS

Die pragtige kersiebloeisels van Japan verwelkom die begin van lente en het 'n simbool begin word van ***vernuwing*** en ***hoop***. Die seisoen val saam met Paasfees, so dis nog meer betekenisvol.

Meeste Japannese weet niks van Paasfees en die Evangelieboodskap nie, maar elke jaar openbaar ons Skepper God Hom-self opnuut aan hulle deur sy wonderskone en skouspelagtige skepping. Vir 'n kort seisoen is almal gefassineer deur hierdie ongelooflike pragtige en sierlike bloeisels.

**Bid** dat baie Japannese sal besef dat dit alleenlik gebeur deur die ondeurgrondelike en genadige werk van Jesus – wat gesterf het aan die kruis en die derde dag weer opgestaan het – dat ons oor 'n hernude lewe en gevul met ewige hoop kan feesvier.

## AFTREDE



*Corlia Olivier*

Corlia Olivier het vir meer as 30 jaar vir die Japansending in Suid Afrika as Administratiewe klerk/sekretaresse getrou gewerk.

Weens onvoorsiene gesondheidsprobleme het sy 31 Jan 2023 afgetree.

Sy en haar man, André sal nog steeds soos nodig voortgaan om die nuusbriewe en kalenders te versend.

Haar getroue diens en dankbaarheid sal altyd onthou word. Die Here Jesus se rykste seëwense en beterskap word haar toegewens."

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

***MAART-APRIL 2023***

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te dien*

## VREESLIK WONDERLIK GEMAAK



*Edward Zimmerman*

Edward en Josephine Zimmerman is 'n gelukkige getroude egpaar wat op 2 Mei 2022 in Japan in die huwelik bevestig is en nou in diens van Japansending is. Die Here het Edward in staat gestel om na mense uit alle werkskringe uit te reik, omdat hy 'n rykdom van lewenservarings gehad het wat hom 'n rype uitkyk op die lewe gegee het.

Edward is in Maart 1982 in Bloemfontein, Suid-Afrika, gebore. Met sy geboorte was een van sy bene nie volkome gevorm nie en was ook merkbaar korter as die ander been.Toe ander kindertjies van sy ouderdom begin loop, het Edward nie begin loop nie.

Edward het as alleenkind groot geword in 'n Christelike ouerhuis waar sy ouers hom getrou saam kerk toe geneem het. Die gedagte dat hulle kind dalk nooit sou kon loop nie, was 'n ernstige toets vir hulle geloof. Eendag tydens 'n gebedsbyeenkoms het die pa gedronge gevoel om te bid. Die ander lede het by hom aangesluit toe hy desperaat tot die Here gebid het: "Dierbare Here, help my seun asseblief om te kan loop, sodat hy tot U diens kan wees in die toekoms!"

Die volgende dag het die pa in geloof tot aksie oorgegaan deur Edward aan te moedig om te staan en te oefen om te loop. Toe hét hy begin loop! Soos wat hy ontwikkel het, het dit noodsaaklik geword dat dokters hom begin behandel, aangesien een been baie vinniger begin groei het as die ander een. Hy het daarna in 1992 en 1993 twee operasies ondergaan. Die dokters het daarin geslaag om die gesonde been te weerhou daarvan om te vinnig te groei.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754** **Tel: (012) 337-1533**
**Faks: 0081-743731681** **Cell: 063 170 1480**
**www.japanmission.org** **sa@japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Laat weet u e-pos adres indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

Soos wat hy ouer geword het, kon hy begin hardloop en met behulp van spesiale skoene saam met sy vriende speel. Die feit dat hy aansienlik korter was as sy klasmaats het hom aanvanklik gepla, maar dan het Edward vertroosting gevind in hierdie verse van Johannes: ‘Sy dissipels het Hom gevra : “Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s’n?” En Jesus antwoord: ***“Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word”*** (Johannes 9:2-3).

Edward het geleer dat God hom so gemaak het sodat hy eer aan God sou bring en eendag ’n spesiale doel sal vervul. Dit was gedurende hierdie tyd wat sy pa vir hom ’n rekenaar gekoop het en hy begin het om rekenaarkursusse te loop.

“Toe ek sewentien was,” het Edward gedeel, “het my Bybel-onderwyser met my Joh, 3:16 gedeel en ek het besef hoe maklik dit is om ’n kind van God te word. Ek het Jesus aangeneem as my Verlosser, maar my leefstyl het dit nie gewys nie.

“Nadat ek klaar was met hoërskool het ek begin werk en later by die polisiedepartement aangesluit, waar ek gevra is om te help met databestuur van kriminele rekords en om planne te beraam wat die werksdrukte in die kantoor kon verbeter.

“Ek het selfgenoegsaam begin word en opgehou kerk toe gaan. Ek het alles gehad wat ’n jongman wou hê: ’n goeie werk, ’n pragtige meisie, baie vriende en my eie kar.

“In 2001 is my moeder oorlede. ’n Paar jaar later toe ek 22 jaar oud was, het my lewe begin uitmekaarval. Ek onthou hoe ek na my ma se graf gegaan het en my hart in trane teenoor die Here uitgestort het. Ek het Hom gevra om my te help en my te vergewe vir die roekelose lewe wat ek gelei het, onafhanklik van God.

“Ek was so ongelukkig. Ek het nog my pa gehad, maar ons verhouding was maar stram. Ek het nie meer van my werk gehou nie en my verhoudings met my vriende was besig om agteruit te gaan. Daarby was ek platgeslaan toe my meisie my ook gelos het. Ek het gevoel asof die hele wêreld besig is om om my inmekaar te stort. Maar God was besig in die agtergrond.

“Ek het toe weer gereeld begin kerk toe gaan en opnuut my lewe aan God gegee. Ek het begin om by die Sondagskool te help deur aan te bied om ’n karakter in ’n poppespel te speel wat die kinders van Jesus geleer het.

“Ek is later die geleentheid gegee om die Bybel aan negejarige kinders te leer. Ek het self toe die Bybel begin bestudeer, want ek was bang dat hulle my ’n paar moeilike vrae sou stel. Dit het daartoe gelei dat ek ’n honger na God se Woord begin ontwikkel het. Derhalwe het ek begin om die Bybel van die begin tot die end te bestudeer.

“Ek is toe gevra om die Bybel vir 13-jariges te leer. Ek het dit geniet, omdat hulle vir my moeiliker vrae gevra het. Ek het hulle ook uitgedaag om te sê waarom hulle in God glo en so het ons saam in die Here gegroei. My doel was om op hulle vlak met hulle ’n verhouding te bou en die klasse vir hulle prettig te maak.

“Ek het gevind dat ek oor omtrent alles gebid het en meer en meer van God afhanklik was. Soos wat ek ’n intieme verhouding met Hom begin bou het, het Hy nader aan my gekom (Jakobus 4:8).

“In 2012 het ek op my eerste sendingreis na Botswana gegaan, 'n buurland van Suid-Afrika. Met my kennis van rekenaars kon ek sendelinge help om ’n paar rekenaars te installeer en ook ’n paar van hulle geboue te verf. Ek het later betrokke geraak in gevangenisbediening en het begin om lofprysing met my kitaar te lei.

“In 2015 het ek op ’n tweede sendingreis gegaan na ’n landelike dorpie in Zambië. Ek het die Bybel aan hoërskoolkinders geleer en met hulle gespeel. Ek het dit geniet, maar ek was onseker hoekom God my daar wou hê, aangesien baie in ons groep sendelinge baie beter gekwalifiseerd was as ek.

“Eendag het ek gehoor hoe hierdie sendelinge verskil oor wie die taak moes kry om water by die put te gaan haal, wat ongeveer 50 meter van die kamp af was. Dit was warm, maar ek het besluit om te gaan en water te gaan kry elke keer wanneer die houers leeg was.

Die atmosfeer van die kamp het verander sedert daar water was om mee te kook, koffie te maak en op te was. Ek het 'n klomp water gedra gedurende hierdie twee weke, maar ek het dit vir die Here gedoen. Dit het dit vir die groep moontlik gemaak om te fokus op die werk van die Here. Hierdeur het die Here vir my geleer dat selfs die kleinste dingetjies, soos om water te gaan haal, ’n verskil kan maak vir sy koninkryk!

“In 2019 het ek op 'n sendingreis na Japan gegaan om Japansending te help met die Engelse uitreikkamp. Dit was 'n wonderlike ondervinding om te sien hoe God se liefde gedeel word. Terwyl ek in Japan was, het ek Josephine ontmoet wat 'n sendeling by Japansending was.

“Na ek teruggekeer het na SA het ons deur middel van die sosiale media met mekaar gekommunikeer. Ons verhouding het gegroei oor die volgende jaar, en na baie gebed het die Here ons in ons harte oortuig dat ons kon trou.

“Ek het toe aansoek gedoen en Japansending het my aanvaar as 'n sendeling, maar dit was net toe die COVID-19-pandemie begin het en die grense gesluit is vir oorsese reisigers. Eers in Maart 2022 is internasionale reise weer toegelaat en was dit vir my moontlik om na Japan te reis.

“Eers twee jaar nadat die Here vir my en Josephine gelei het om te trou, kon ons op die 2de Mei 2022 in die huwelik tree. God het ons in hierdie kosbare tyd van skeiding gehelp om te groei in Hom en te groei in ons liefde vir mekaar. Die dag toe ons getroud is, was ons sekerder as ooit dat ons binne sy wil optree.”

**Bid** dat die Here Edward en Josephine sal gebruik om baie ongereddes vir die Here te bereik.

## *BEDIENINGSOPDATERING*

In Maart 2022 het Edward Zimmerman van Suid-Afrika in Japan gearriveer. Hy is ’n baie begaafde musikant, kan met jongmense werk, en is goed bekend met rekenaars en die media. Hy het begin deur te dien in die Engelse evangeliese en cafébediening.

’n Paar maande nadat Edward by Japansending begin bedien het, het ’n onderwyserspos by die Kyoto Internasionale Universiteitsakademie vir Rekenaarwetenskap oopgegaan. Dit is ’n Christelike skool waar Japansending dikwels onderwysers borg.

Edward was baie geskik vir hierdie pos vanweë sy breë kennis en ondervinding van rekenaars. Hierdie bediening het Edward die geleentheid gebied om God se liefde te deel met nie-Christenstudente en hulle ouers. Dit is wonderbaarlik hoe die Here Edward al die pad van Suid-Afrika gebring het om in hierdie kapasiteit te kom dien.

Edward is inderdaad vreeslik ***wonderbaarlik geskape*** deur God om ’n spesiale doel te vervul – om op sy eie unieke manier vir